

ERICH MAYER

1876 — 1976

IN MEMORIAM



Appèlregter D. H. Botha, Voorsitter van die Raad van die Nasionale Museum vanaf 1963 tot 1973 is gedurende Desember verlede jaar na 'n motorongeluk oorlede. Ons diepste meegevoel gaan aan sy familie met die heengaan van 'n onvervangbare vriend.



Professor F. P. Scott, ere-kurator van die kunsvaersameling van die Museum vanaf Februarie 1970, Raadslid vanaf Maart 1974 en Ondervoorsitter sedert Augustus 1975, het ons gedurende Februarie deur die dood ontval.

Sy skielike dood het ons ontroof van 'n vriend en kunstenaar en 'n onvulbare leemte nagelaat. Ons eer sy nagedagtenis en dra innige simpatie oor aan sy gesin.

Skriftelike aansoeke om eksimplare van hierdie ses-maandelikse nuusbrief moet gerig word aan die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein. Enige inligting sowel as foto's kan oorgeneem word met erkenning van die bron.

Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein. Any information as well as photographs may be reprinted with acknowledgement of the source.



ERNST KARL ERICH MAYER is op 19 April 1876 te Karlsruhe, Baden, Duitsland gebore en sterf 84 jaar later in 'n Pretoriase ouetehuis. Hy het in 1898 na Suid-Afrika gekom om gesondheidsredes en werk as landmeter-assistent in die Oos-Vrystaat. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog veg hy aan Boerekant en word twee en 'n half jaar lank op St. Helena gevange gehou. Ons mense, hul leefwyse en omgewing het hom intens geïnteresseer en hy het 'n vurige voorstander geword van 'n Suid-Afrikaanse "nasionale" kuns, gebaseer op inheemse motiewe. Behalwe van ons fauna en flora het hy op studietoere, tallose sketse van boeretipes, hul meubels, borduurmotiewe, ens. gemaak en 'n kultuurhistoriese dokument daargestel wat hom, met sy skilderwerk in ag geneem, in 1943 die Erepenning vir Skilderkuns van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besorg het. Die Nasionale Museum en die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum het gesamentlik van 13 tot 21 April 1976 'n herdenkingsuitstalling aangebied om hulde te bring aan Erich Mayer.

